



HUISGELOOF – 14 FEBRUARIE 2021

NG KERK RANDBURG

Hierdie week se *Huisgeloof* sluit aan by die kernvers van die gedeelte wat in die Woord-video geles is ... 2 Kor 4 vers 6 sê ... *Want God wat gesê het, "Laat daar uit die duisternis lig skyn," dit is Hy wat in ons harte geskyn het.* Ons weet die verskillende ouderdomsgroepe maak dit moeilik maar wie beter as ouers ken kinders so goed om met hierdie riglyne by hulle wêreld aan te sluit. Gesinne kan hierdie *Huisgeloof saam met DinkJeug* se daaglikse doen dinge gebruik.

Ons gebruik vandag DinkJeug se gesprek en doen dinge hierdie week vir 'n besondere ervaring in die gesien:

- Gesels met die kinders oor teruggaan skool toe – party is al terug: Waarom opgewonde of onseker of nie lus nie? Dalk sien jy uit om jou maats te sien? Daar is sommige wat dalk na 'n nuwe skool gaan of wat koshuis toe gaan. Dalk is jy 'n bietjie bekommerd of bang oor of dit vir jou lekker gaan wees.
- *Luister mooi en pas dan die belofte toe – uit ons kernvers.* God wil jou herinner dat Hy vir jou baie lief is en dat Hy ook saam met jou gaan. Hy sal jou ook help om lief te wees (om om te gee en 'n goeie maat te wees) vir ander mense. Hy vul ons harte met liefde, sodat ons vriendelik kan wees en Sy lig kan laat skyn.
- Die *Harte-gesprek speletjie* kan al die ouderdomme betrek: Maak vooraf 'n rooi, oranje, geel, groen en blou hart. Laat elkeen 'n kleur of twee kies. Vra dan die vrae wat by die kleur pas. Hulle vertel dan aan mekaar die antwoorde.
 - ♥ Rooi – watter vriende sien jy uit om weer te sien?
 - ♥ Oranje – hoe kan jy hierdie week 'n vreemdeling laat welkom voel?
 - ♥ Geel – vertel van iemand wat vriendelik was met jou die afgelope week?
 - ♥ Groen – op watter manier kan jy liefde wys sonder woorde, net met dade?
 - ♥ Blou – waaroor is jy bekommerd of bang oor vir 2021?
- *Terug skool toe beteken ook ... ons gaan onderwysers sien ...* die bekendes ... kwaai, gaaf of glad nie lekker ... en nuwes ... vreemd. Dit is vandag Biddag vir Opvoeding en Onderwys. Bid vir kinders en tieners wat terugkeer skool (en koshuis) toe. Ook vir die wat vir die eerste keer skool toe gaan of hoërskool toe gaan, of leerlinge met 'n nuwe skool begin. Bid ook vir onderwysers en ouers wat dalk onseker is oor wat die jaar mag inhou.
- Reis die week verder met die tema "**Harte wat skyn met liefde**" en plak die 5 harte iewers in die huis op ... Dinkjeug se Familie App kan help. Daar is elke dag 'n verdere doen en dink-aksie vir elke hart ...
 - ♥ Maandag ... God wys Sy liefde deur Jesus (maak 'n kruis en plak dit op die rooi hart)
 - ♥ Dinsdag ... Liefde laat mense welkom voel (maak 'n hand en plak dit op die oranje hart)
 - ♥ Woensdag ... Liefde is vriendelik (maak 'n glimlag-gesig en plak dit op die geel hart)
 - ♥ Donderdag ... Liefde is diensbaar (maak prentjie van voete en plak dit op die groen hart)
 - ♥ Vrydag ... Liefde kan heel maak (plak 'n pleister op die blou hart)

Ons sal so graag elke gesin ingeskakel wil hê by DINKJEUG ... wat vir ouers en kinders nog meer kan doen as wat hierdie paar riglyne ooit kan. Reis saam met die week tema deur te luister na die Dinkjeug Familie App se oordenkings. Daar is daaglik, Maandag tot Vrydag, 'n 5 minute podcast waarna gesinne kan luister met 'n storie, teks, gespreksvrae, gebedswenk en doen idees. Laai die app af: <https://dinkjeug.co.za/tag/app/>. En sluit ook sommer by DinkJeug se Facebook-blad aan.